

Vrae Wat Dikwels Gevra Word

1. Informasie oor Guardrisk Life, Emerald Life en die Voorgenome Oordrag

1.1 Wie is Guardrisk Life?

1.1.1 Guardrisk Life Beperk, registrasie nommer 1999/013922/06 ("**Guardrisk Life**") is 'n publieke maatskappy en 'n geregistreerde langtermyn versekeraar wat in Suid Afrika ingelyf is en wat deel vorm van die MMI groep van maatskappye.

1.1.2 Guardrisk Life funksioneer as 'n selversekeraar.

1.2 Wat is 'n selversekeraar?

1.2.1 'n Selversekeraar is 'n versekeringsmaatskappy wat bestaan uit verskeie "selstrukture" wat afgebaken word bywyse van verskillende aandeele in die versekeringsmaatskappy. Die "selle" word besit deur verskeie "sel eienaar aandeelhouers". Die "sel eienaar aandeelhouers" of maatskappye in dieselfde groep verwys versekeringsbesigheid na die versekeringsmaatskappy. Die "sel eienaar aandeelhouers" is dan geregtig op dividende, wat gebasseer is op die winste wat deur die verwysde versekeringsbesigheid gegenerer is, soos bepaal deur die verwysde versekeringsbesigheid.

1.2.2 U polis, wat deur Emerald Life of een van die ander Emerald maatskappye verkoop is, was in 'n Guardrisk sel geplaas wat aan Emerald Life behoort. Emerald Life wil nou u polis oordra van die sel in Guardrisk Life, na sy eie mikro-versekeringslisensie.

1.3 Wie is Emerald Life?

Emerald Life Eiendoms Beperk (registrasie nommer 2016/534835/07) ("**Emerald Life**") is 'n privaat maatskappy en 'n gelisensieërde mikro-versekeraar wat in Suid Afrika ingelyf is en 'n lid is van die Emerald groep van maatskappye.

2. Oordrag van die Oordrag Polisse vanaf Guardrisk Life na Emerald Life

2.1 Hoekom gaan die versekeraar van my polis verander?

Guardrisk Life and Emerald Life het ooreen gekom dat die polisse, soos na verwys word hierna, oorgedra sal word na Emerald Life. Die oordrag is egter onderworpe aan die voorwaarde dat dit goedgekeur sal word deur die Voorsorgowerheid, soos vereis ingevolge artikel 50 van die Versekeringswet, 2017 (die "**Versekeringswet**"). As sulks, sal Emerald Life die versekeraar van die polisse word, nadat die goedkeuring van die Voorsorgowerheid verkry is vir die oordrag van die polisse (**die Voorgenome Oordrag**).

2.2 Watter polisse word geraak deur die Voorgenome Oordrag?

Die Voorgenome Oordrag raak al die begrafnis polisse wat deur Guardrisk Life onderskryf word, deur Emerald Life verkoop en geadministreer word (die "**Oordrag Polisse**").

2.3 Hoe sal die Oordrag Polisse oorgedra word?

2.3.1 Die Oordrag Polisse sal oorgedra word aan Emerald Life as deel van die besigheidstransaksie wat gesluit is tussen Guardrisk Life and Emerald Life. Dit beteken dat Emerald Life die nuwe versekeraar van die Oordrag Polisse sal word (die "**Oordrag Ooreenkoms**").

2.3.2 Die Oordrag Ooreenkoms is onderworpe aan die voorwaarde dat die oordrag goedgekeur word deur die Voorsorgowerheid, soos vereis word ingevolge artikel 50 van die Versekeringswet. Sodoende moet 'n gedetailleerde regulatoriese proses gevolg word, soos wat hieronder uiteengesit word.

2.3.3 Emerald Life sal die versekeraar van die Oordrag Polisse word, sodra die Voorsorgowerheid toestemming gegee het vir die Voorgenome Oordrag.

3. Het U toestemming verleen dat U polis of dekking oorgedra word?

Nee. Die polishouer se toestemming word nie vereis vir 'n oordrag ingevolge artikel 50 van die Versekeringswet nie.

4. Wat gaan gebeur as die Voorgenome Oordrag goedgekeur word?

- 4.1 Alhoewel die toestemming van die polishouer nie 'n vereiste is vir die Voorgenome Oordrag nie, skryf die Versekeringswet wel voor dat 'n gedetailleerde regulatoriese proses gevolg moet word en dat toestemming vir die Voorgenome Oordrag vanaf die Voorsorgowerheid verkry moet word.
- 4.2 Dekking ingevolge die Oordrag Polisse sal onverander bly en die voordele sal beveilig wees en versekered bly.
- 4.3 Die enigste verandering wat sal plaasvind is dat die Oordrag Polisse deur Emerald Life onderskryf sal word (en nie meer deur Guardrisk Life nie), sodra die Voorgenome Oordrag deur die Voorsorgowerheid goedgekeur word.

5. Sal polis voordele verseker bly?

- 5.1 Ja. Polis voordele sal beveilig wees, versekered bly en onveranderd wees. Geen bykomende kostes sal gehef word teen enige polisse op grond van die Voorgenome Oordrag nie.
- 5.2 'n Mikro-versekeraar met 'n mikro-versekeringslisensie mag net sekere voordele uitreik op grond van die polisse wat die mikro-versekeraar onderskryf. Emerald Life (as die mikro-versekeraar) het toestemming by die Voorsorgowerheid gekry om dieselfde voordele, soos voorheen geniet deur die polishouers, te voorsien (dit sluit spesifiek in: lojaliteitsvoordele, geen-eis bonusse en kortings of premies).

6. Hoe sal die Voorgenome Oordrag plaasvind?

- 6.1 Die oordrag van die besigheid van 'n versekeringsmaatskappy is onderworpe aan 'n gedetailleerde regulatoriese proses ingevolge die Versekeringswet en moet goedgekeur word deur die Voorsorgowerheid.
- 6.2 Die volgende stappe in verband met die Voorgenome Oordrag het alreeds plaasgevind:
 - 6.2.1 Guardrisk Life en Emerald Life het 'n aansoek ingedien by die Voorsorgowerheid vir die goedkeuring van die Voorgeskrewe Oordrag;

- 6.2.2 Die hoofde van die aktuariële funksies van beide Guardrisk Life and Emerald Life het verslae uitgereik aangaande die lewensvatbaarheid van Voorgenome Oordag;
- 6.2.3 Die Voorsorgowerheid het reeds hul voorlopige steun aan die Voorgenome Oordrag geleen en toestemming aan Guardrisk Life and Emerald Life verleen om die Voorgenome Oordrag en die gevolglike veranderinge aan polishouers te kommunikeer, soos van hulle vereis word ingevolge die Versekeringswet; en
- 6.2.4 Formele Kennisgewing van die Voorgenome Oordrag is gepubliseer in verskeie koerante en oorgedra deur ander vorme van kommunikasie om te verseker dat alle polishouers voldoende kennis van die Voorgenome Oordrag ontvang.
- 6.3 Enige polishouer van 'n Oordrag Polis of enige ander party met 'n belang wat geraak word deur die Voorgenome Oordrag kan die Voorsorgowerheid, teen nie later as 23 Junie 2022, kontak in verband met enige aspek van die Voorgenome Oordrag.
- 6.4 Indien u 'n beswaar het teen die Voorgenome Oordrag, kan u verhoë rig aan die Voorsorgowerheid. Verhoë kan gerig word aan die Voorsorgowerheid by wyse van 'n telefoon oproep, per e-pos of per brief. Die verhoë moet die Voorsorgowerheid ten laaste teen 23 Junie 2022 bereik. Indien u nie 'n beswaar teen die Voorgenome Oordrag het nie, hoef u nie verklarings te liasseer of verhoë te rig nie. Sodra die Voorsorgowerheid die Voorgenome Oordrag goedkeur, sal u polis outomaties oorgedra word na Emerald Life.
- 6.5 Let asseblief daarop dat die Ombudsman vir langtermynversekering en die Ombud vir Finansiële Diensversaffers u nie behulpsaam sal kan wees in hierdie aangeleentheid nie.

7. Die Voorgenome Tydlyn

7.1 Die voorgenome tydlyn is as volg:

Item	Aksie	Datum
7.1.1	Aanvanklike bespreking met die Voorsorgowerheid aangaande die Voorgenome Oordrag.	10 Junie 2021
7.1.2	Dien die onderstaande Aansoek Vorms (insluitende die bylae, bv. die Kommunikasie Plan ens.) in by die Voorsorgowerheid: <ul style="list-style-type: none">• Aansoek vorm IF024• Aansoek vorm IF021	8 September 2021
7.1.3	Voorsorgowerheid oorweeg die Aansoek Vorms en gee terugvoer aangaande die Kommunikasie Plan en ander kwessies wat geïdentifiseer word ingevolge die Aansoek Vorms.	27 September 2021 tot 4 November 2021
7.1.4	Reageer op enige navrae gerig deur die Voorsorgowerheid en die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor en stuur repliek op navrae na die Voorsorgowerheid en die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (dien gewysigde Kommunikasie Plan in wat Setswana vertaling insluit).	13 Oktober 2021 tot 15 Desember 2021
7.1.5	Voorsorgowerheid en die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor ontvang en oorweeg repliek op navrae.	04 Februarie 2022
7.1.6	Dien aanvullende dokumente in by die Voorsorgowerheid wat die nuwe effektiewe datum aandui en hanteer veredere opvolg vrae.	22 Maart 2022 tot 4 Mei 2022
7.1.7	Emerald reel dat die finale vertaling van die tydlyn gedoen word en alle opvolg veranderinge vertaal word en dien die opgedateerde Kommunikasie Plan in by die Voorsorgowerheid en die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor	6 Mei 2022

Item	Aksie	Datum
7.1.8	Die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor kommunikeer voorlopige goedkeuring van Voorgenome Oordrag aan Voorsorgowerheid.	13 Mei 2022
7.1.9	Die Voorsorgowerheid gee voorlopige toestemming vir die implementering van die voorgenome tydlyn en die voorgenome Kommunikasie Plan.	20 Mei 2022
7.1.10	Die Voorsorgowerheid bevestig die lys van dokumente wat beskikbaar gestel sal word vir inspeksie.	20 Mei 2022
7.1.11	Implementasie van die goedgekeurde Kommunikasie Plan.	Neem aanvang van 25 Mei 2022
7.1.12	Formele Kennisgewing sal vertoon word by al die Emerald Life takke.	Vanaf 25 Mei 2022 tot 23 Junie 2022
7.1.13	Dokumente word beskikbaar gestel op die webtuistes van Guardrisk Life and Emerald Life.	Vanaf 25 Mei 2022 tot 23 Junie 2022
7.1.14	Emerald Life se inbelsentrum word in aanvang geneem aangaande enige klagtes en/of navrae wat gerig is aan, en ontvang is deur, die Emerald Life inbelsentrum in verband met die Voorgenome Oordrag.	Vanaf 25 Mei 2022 tot 23 Junie 2022
7.1.15	Dien Formele Kennisgewing in vir publikasie deur die geïdentifiseerde koerante soos vereis deur die Voorsorgowerheid en soos uiteengesit in die goedgekeurde Kommunikasie Plan.	25 en 26 Mei 2022
7.1.16	Formele Kennisgewing verskyn in koerante soos vereis deur die Voorsorgowerheid.	27, 28, 29 en 30 Mei 2022
7.1.17	Bewyse van elke publikasie wat die Formele Kennisgewing bevat word gelewer aan Emerald Life se Hoof van Interne Oudit.	31 Mei 2022

Item	Aksie	Datum
7.1.18	Dokumente word beskikbaar gestel vir inspeksie op die webtuistes van Guardrisk Life and Emerald Life vir die tydperk van 25 Mei 2022 tot 23 Junie 2022 (die " Inspeksie Periode "). Gedurende die Inspeksie Periode kan alle persone wat 'n belang het in die Voorgenome Oordrag navrae stel en verhoë rig aan die Voorsorgowerheid.	25 Mei 2022 tot 23 Junie 2022
7.1.19	Dokumente word beskikbaar gestel vir inspeksie (tesame met die inspeksie register wat deur persone wat die dokumente inspekteer ingevul word) by die kantore van Guardrisk Life and Emerald Life, vir die tydperk van die Inspeksie Periode.	Vanaf 25 Mei 2022 tot 23 Junie 2022
7.1.20	Guardrisk Life and Emerald Life stel 'n verslag saam aangaande die implementasie van die goedgekeurde polishouer Kommunikasie Plan en die verslag word gelewer aan beide Guardrisk Life and Emerald Life se Hoof van Interne Oudit.	6 Julie 2022
7.1.21	Voorsorgowerheid hanteer al die moontlike klagtes en navrae wat ontvang is gedurende die Inspeksie Periode.	Vanaf 25 Mei tot 23 Junie 2022
7.1.22	Beide Guardrisk Life and Emerald Life se Hoof van Interne Oudit dien 'n verslag in aan die Voorsorgowerheid vir oorweging.	14 Julie 2022
7.1.23	Ontvang die Voorsorgowerheid se geskrewe goedkeuring van die Aansoek Vorms.	25 Julie 2022
7.1.24	Sluitingsdatum, soos gewysig	29 Julie 2022

8. Wat as ek nie wil hê dat Emerald Life enige dekking wat my aangaan moet onderskryf nie?

U is geregtig daarop om verhoë te rig aan die Voorsorgowerheid, aan Guardrisk Life of Emerald Life, indien u enige bekommernisse het aangaande die Voorgenome Oordrag. Enige verhoë of navrae moet die Voorsorgowerheid, Guardrisk Life of Emerald Life ten laaste teen 23 Junie 2022 bereik. Die nodige kontakbesonderhede word hieronder uiteengesit.

9. **Waar kan ek meer inligting bekom aangaande die Voorgenome Oordrag?**

9.1 Kopieë van die dokumente wat hieronder genoem word, sal beskikbaar gestel word vir inspeksie op die webtuistes van:

9.1.1 Guardrisk Life by <https://guardrisk.co.za/policyholder-notifications/>; en

9.1.2 Emerald Life by https://emerald.life.co.za/gr_transfer.

9.2 Kopieë van die dokumente wat hieronder genoem word, sal beskikbaar gestel word vir inspeksie by die kantore van:

9.2.1 Emerald Life by Edward Straat 86, 3de Vloer, Sterling Place, Bellville 7530.

9.3 Die dokumente wat beskikbaar gestel sal word vir inspeksie, sal insluit:

9.3.1 'n Kopie van die Aansoek Vorms (uitsluitende die bylae);

9.3.2 'n Kopie van die Oordrag Ooreenkoms (uitsluitende die bylaag);

9.3.3 Alle kommunikasie kennisgewings; en

9.3.4 Enige ander dokumentasie soos voorgeskryf deur die Voorsorgowerheid.

10. **Wie kan U kontak indien U navrae het aangaande die Voorgenome Oordrag?**

10.1 Rig asseblief enige versoë of navrae as volg:

10.1.1 Per telefoon: Emerald Life, by 0861 666 333

10.1.2 Per epos: Emerald, by info@emerald.life.co.za

Alternatiewlik, rig asseblief u navrae of versoë aan die Voorsorgowerheid per e-pos by SARB-PA@resbank.co.za.